

GRONDWET
VAN DIE
HERMANUS HISTORIESE VERENIGING

1. NAAM

Die naam van die Vereniging is: Die Hermanus Historiese Vereniging, (hierna verwys as die Vereniging).

2. GEOGRAFIESE GEBIED

Die gebied sal van “Voëlklip tot by Fisherhaven” strek.

3. DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die Vereniging is:

- 3.1 Om die geskiedenis van Hermanus vir die inwoners en besoekers lewendig aan te bied.
- 3.2 Om bewusmaking van die geskiedenis aan inwoners en diegene wie se voorsate in die gebied gewoon het.
- 3.3 Om die bewaring en versameling van geskiedkundige hulpbronne aan te moedig.
- 3.4 Om 'n forum te skep vir die mededeling van geskiedkundige inligting deur uitstallings, die bewaring van geskiedkundige terreine, die gebruik van genooide sprekers, uitstappies te reël na historiese plekke van en inligting deur lede versamel.
- 3.5 Om behulpsaam te wees in die uitkenning en bewaring van geskiedkundige dokumente van belang en om makliker toegang tot hierdie dokumente aan lede, sowel as aan die publiek, te verleen;
- 3.6 Om met die Erfenis en Estetiese Komitee, en die Ou Hawe Museum saam te werk;

4. STRUKTUUR VAN DIE VERENIGING

- 4.1 Die Vereniging is 'n vrywillige organisasie.
- 4.2 Lidmaatskap sal toeganklik wees aan alle persone wat belangstel om die doelstellings van die Vereniging te bevorder.

- 4.3 Lede mag “plaaslike lede” (persone wat binne die grense van die Groter Hermanus gebied woon) of “buite lede” (lede wat nie in die Groter Hermanus gebied woon nie, maar wat belangstel om die doelstellings van die Vereniging te bevorder en ingelig wil wees oor die aktiwiteite van die Vereniging).

5. KOMITEE

- 5.1 Die Komitee sal die dag tot dag sake van die Vereniging behartig.
- 5.2 Die Komitee se ampsdraers sal uit 'n Voorsitter, 'n Sekretaris en Tesourier bestaan.
- 5.3 Die komitee het die reg om enige lid te ko-opteer om die Komitee by te staan vir die gladde verloop van die Vereniging se sake
- 5.4 Ampsdraers word aan die begin van elke jaar op die Algemene Jaarvergadering verkies word en sal dien tot aan die einde van die volgende Algemene Jaarvergadering.
- 5.5 Die Komitee mag gedurende die jaar enige vakature wat ontstaan by die ampsdraers 'n lid van die Vereniging ko-opteer, of sodanige vakature kan by 'n Spesiale Algemene Vergadering verkies word.

6. ALGEMENE JAARVERGADERING

- 6.1 Die Algemene Jaarvergadering sal gehou word aan die begin van elke jaar, maar nie later as 31 Maart van elke kalender jaar nie.
- 6.2 Kennisgewings van die Algemene Jaarvergadering sal per pos en/of e-pos, minstens drie weke voor die datum van die Algemene Jaarvergadering, aan alle lede gestuur word.
- 6.3 Minstens een-kwart van die ingeskrewe lede moet by die Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering teenwoordig wees om 'n kworum te vorm.
- 6.4 Indien daar nie 'n kworum by die Algemene Jaarvergadering is nie, sal 'n vergadering binne drie weke gehou word en die lede wat die vergadering bywoon sal 'n kworum vorm.
- 6.5 'n Spesiale Algemene Vergadering mag op skriftelike versoek deur een-derde van die lede van die Vereniging aangevra word.

- 6.6 By die Algemene Jaarvergadering sal die volgende sake afgehandel word:
- 6.6.1 Die notule van die vorige Algemene Jaarvergadering, en dié notules van enige Buitengewone- of Spesiale Algemene Vergadering sedert die vorige Algemene Jaarvergadering, moet ter tafel gelê word of uitgestuur word vir goedkeuring.
 - 6.6.2 Die geouditeerde finansiële state van die vorige jaar moet ter tafel gelê word vir goedkeuring.
 - 6.6.3 'n Verslag van die vorige jaar moet deur die Voorsitter gelees en aanvaar word.
 - 6.6.4 Die jaarlikse ledegeld sal deur die uitgaande Komitee voorgestel word en aanvaar word.
 - 6.6.5 'n Voorsitter, 'n Sekretaris en Tesourier plus 2 lede moet by die Algemene Jaarvergadering verkies word. Enige ander sake waarvan drie weke voor die Algemene Jaarvergadering kennis gegee is.

7. VERKIESING VAN AMPSDRAERS

- 7.1 Nominasies vir die Voorsitter, Sekretaris en Tesourier moet minstens drie weke voor die Algemene Jaarvergadering ontvang word. Die bestaande Komitee-lede is herkiesbaar vir 'n verdere ampstermyn, maar tot 'n maksimum van vyf agtereenvolgende jare.
- 7.2 Posstemme (via pos of e-pos) van lede wat nie in staat is om die Algemene Jaarvergadering by te woon nie sal tot vier-en-twintig uur voor die vergadering aanvaar word; 'n Meerderheid van posstemme en die stemme van diegene wat op die Algemene Jaarvergadering teenwoordig is, sal bepalend wees vir die uitslag van die suksesvolle ampsdraers van die Komitee.

8. FINANSIES

- 8.1 Jaarlikse ledegeld sal gehef word vir plaaslike- en buite-lede om die lopende uitgawes van die Vereniging te finansier.
- 8.2 Die ledegeld sal deur die uitgaande Komitee vasgestel word en by die Algemene Jaarvergadering vir goedkeuring voorgelê word.
- 8.3 Differensiële ledegeld kan vir plaaslike- en buite-lede gehef word. Die ledegeld vir die Vereniging mag gebruik word om kostes aangaan vir administratiewe en ander aktiwiteite, soos van tyd tot tyd deur die Komitee

en/of lede bepaal. Met die goedkeuring van die Komitee mag dit ook insluit kostes aangegaan vir navorsingsmateriaal wat aan alle vol-lede beskikbaar gestel sal word.

- 8.4 Met goedkeuring deur die Komitee mag addisionele fondse verkry word, van private instansies en individue om die doelstellings van die Vereniging te bevorder. Enige wins wat die Vereniging genereer, sal nie onder die lede verdeel word nie, maar aangewend word vir die bevordering van die doelstellings van die Vereniging.
- 8.5 Die invordering en beveiliging van ledegeld en die bestuur daarvan is die verantwoordelikheid van die Komitee.

9. VERGADERINGS

- 9.1 Die frekwensie van gereelde vergaderings sal volgens die diskresie van die Komitee en die lede gehou word.
- 9.2 Vir die aanbieding van 'n genooide spreker of 'n lid; vir 'n geleentheid om suksesse, vrae of probleme in verband met die aktiwiteite van die Vereniging te bespreek;
- 9.3 Om uitstappies te reël na plekke van geskiedkundige belang in die gebied tussen Voëlklip en Fisherhaven; en om enige ander aanbieding wat aanvaarbaar is vir die lede van die Vereniging.

10. DISSIPLININÊRE OPTREDE

- 10.1 Die Komitee mag die lidmaatskap van 'n lid wat die Vereniging in oneer bring, opskort. Sodanige opskorting moet voorgelê word by die Algemene Jaarvergadering Vergadering.
- 10.2 Indien die ledegeld van 'n lid nie in die jaar van lidmaatskap betaal is nie, en aan wie twee aanmanings gestuur is om die ledegeld te vereffen en nie daarop gereageer het nie, word aanvaar dat sodanige lid lidmaatskap as beëindig beskou. Sodanige persoon sal geen verdere kennisgewings van die Vereniging ontvang nie en is ook nie geregtig wees om enige vergaderings van die Vereniging by te woon nie.

11. REKORDS EN REKENINGSTATE

- 11.1 Die Komitee sal behoorlike rekords van alle finansiële transaksies byhou en ook lede-register.

- 11.2 Die Komitee sal jaarliks voor 31 Maart van elke kalender-jaar alle finansiële state deur 'n ouditeur , laat oudit, wat 'n lid van die Vereniging mag wees maar, maar nie 'n lid van die Komitee is nie.
- 11.3 Die Komitee sal fondse wat beskikbaar is vir belegging in 'n bank of banke, waaroor die Komitee besluit. Alle tjeks moet deur minstens twee van Komitee-lede geteken word, volgens die prosedures wat deur die Komitee en die banke bepaal word.

12. ONTBINDING

- 12.1 Die Vereniging mag ontbind, of saamsmelt met enige ander vereniging wat soortgelyke doelstellings as die Vereniging het, met dien verstande dat lede wat by die 'n Algemene Jaarvergadering met 'n twee-derde meerderheid so besluit.
- 12.2 by aansoek van enige lid van die Vereniging by 'n Suid-Afrikaanse Geregshof op grond van die feit dat die Vereniging dormant geword het en nie meer aan die doelwitte van die Vereniging voldoen nie.
- 12.3 Ingeval van sodanige samesmelting, sal die bates van die Historiese Vereniging soos vasgestel deur 'n likwidateur, en besluit is op die Algemene Jaarvergadering, of volgens 'n hofbevel, aan 'n vereniging wat dieselfde doelstellings het, as 'n donasie oorgedra word.

13. VRYWARING

- 13.1 Onderhewig aan die voorwaardes van enige ter saaklike klousule sal die Komitee en ander Ampsdraers waar enige handeling, waar hulle in goeie trou namens die Vereniging opgetree het, vrygestel word van koste namens die Vereniging aangegaan en met hul goedkeuring opgetree het.
- 13.2 Onderhewig aan voorskrifte in die betrokke klousule van die Vereniging sal geen ampsdraer en/of die Komitee verantwoordelik gehou word in die geval van nalatigheid in die uitvoering van pligte tensy daar oneerlikheid betrokke was of verliese gelyk as gevolg van die nodige mate van sorg, ywer en vaardigheid soos voorgeskryf deur die wet, na te kom.

14. TAAL

4.1 Die Vereniging aanvaar dat taal van die kulturele erfenis van sy lede gerespekteer word. Om praktiese redes sal Engels en Afrikaans die tale wees waarin korrespondensie gevoer word.

14.2 Indien 'n geskil ontstaan oor die Engelse en Afrikaanse tekste, sal die Engelse teks as korrek aanvaar word.

15. DATUM VAN INWERKING-TREDE

Die datum wanneer die Konstitusie van krag sal word, sal op die datum wees waarop die Voorsitter en die Sekretaris van die Hermanus Historiese Vereniging dit na goedkeuring by die Stigtingsvergadering onderteken het.

Voorsitter

Sekretaris

Datum